SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Annari le Roux

Universiteit: Noordwes-Universiteit

Meesters: X **Doktoraal:** **Postdok:**

Studierigting: M.Ed Opvoedkundige Sielkunde

Titel van proefskrif of Verhandeling: Die belewing van universiteitstudente met 'n Aandagtekort-Hiperaktiwiteitsversteruing (ATHV)

Datum van afhandeling: 5 Desember 2016 **Uitslag:** Slaag met onderskeiding

Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:

NVT

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Aandagtekort-Hiperaktiwiteitsversteuring (ATHV) is 'n neuro-ontwikkelingsversteuring wat gekenmerk word deur gedragspatrone wat inkortings in sosiale, opvoedkundige en werkskontekste kan veroorsaak. Alhoewel daar navorsing bestaan oor studente met ATHV by tersiêre instansies en die uitdagings wat hulle die hoof moet bied, is navorsing oor dié studente se belewing van die versteuring beperk. Die primêre doel van hierdie studie was dus om die belewing van universiteitstudente met ATHV te ondersoek ten einde hulle unieke behoeftes beter te kan verstaan en optimale ondersteuning aan hulle te bied. Onderliggend aan die primêre navorsingsdoel, is daar ook verskeie sekondêre navorsingsdoelwitte gestel. 'n Literatuurstudie en empiriese ondersoek is onderneem om die primêre en sekondêre navorsingsdoelwitte te bereik.

In die literatuurstudie is historiese standpunte en teoretiese aannames oor ATHV belig en aandag is geskenk aan die diagnose van dié versteuring. Daar is ook gefokus op die funksionele inkortings en ko-morbiede versteurings wat met ATHV vereenselwig word, asook die behandeling van ATHV. Die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner het as 'n teoretiese raamwerk gedien waarvolgens die belewing van universiteitstudente met ATHV in hulle ontwikkelingskonteks van ontluikende volwassenheid en die omgewingskonteks van die universiteit, gekonseptualiseer is.

'n Kwalitatiewe benadering is in hierdie studie toegepas om die navorsingsvrae te beantwoord. 'n Kollektiewe gevallestudie het as navorsingsontwerp gedien en semi-gestruktureerde persoonlike onderhoude is gevoer

met ses universiteitstudente wat met ATHV gediagnoseer is. ’n Fokusgroeponderhoud is ook aanvullend as ’n metode van data-insameling gebruik. Die universiteitstudente met ATHV se mededelings is geanaliseer, en op grond van die bevindinge wat uit die data-analise na vore gekom het, is die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Die deelnemers het in die algemeen nie oor ’n volledige begrip van die etiologie, aard en omvang van ATHV beskik nie, wat aan ontoereikende selfkennis oor dié versteuring toegeskryf kan word.
- Die diagnose is as ’n ingrypende keerpunt in die deelnemers se lewens beleef, omdat dit in sommige gevalle aanleiding gegee het tot beter selfbegrip, ’n verskuiwing na spesiale skole, en die gebruik van medikasie (met positiewe en negatiewe gevolge).
- Die deelnemers het ATHV as deel van hulle identiteit aanvaar en het dit as ’n gevoel van andersheid met gepaardgaande sterk- en swakpunte beleef.
- Sekere faktore in die universiteitskonteks het óf bygedra tot die manifestasies en die belewing van die simptome van ATHV óf die simptome verlig.
- Hiperaktiwiteit, interne rusteloosheid en impulsiwiteit het in sekere gevalle die deelnemers se sosiale interaksie met andere positief beïnvloed weens die energiekheid en spontaneïteit wat met eersgenoemde simptome gepaardgaan. Andere was egter geïrriteerd deur die verhoogte mate van spraaksaamheid, wat soms aanleiding gegee het tot die vermyding van sosiale interaksie met die deelnemers. Deelnemers se voorafgaande negatiewe belewing van mense sonder ATHV is gevorm deur familielede, onderwysers en medeleerders, wat hulle beoordeel, gespot en verneder het weens die gebruik van ATHV-medikasie en/of die persepsie dat hulle *“anders”* is.
- ’n Gebrek aan kennis oor ATHV en die unieke uitdagings wat daarmee gepaardgaan, asook ’n gebrek aan toepaslike hanteringstrategieë is onder universiteitspersoneel en studente opgemerk, wat gelei het tot die negatiewe stereotipering en onsensitiewe houdings jeens ATHV-studente.
- ’n Verskeidenheid hanteringstrategieë is deur die deelnemers gerapporteer wat hulle gebruik om hulle inkortings aan te pak.

In die lig van die bevindinge en gevolgtrekkings wat uit die ondersoek voortgespruit het, is aanbevelings gemaak vir die verskillende sisteme of kontekste wat ’n invloed op die belewing van die ATHV-student uitgeoefen het.

Sleutelwoorde: Aandagtekort-Hiperaktiwiteitsversteuring (ATHV); universiteitstudente met ATHV; die belewing van universiteitstudente met ATHV